Verwysing: 20201126-9901
Lêerno.: 2/9/4/3
Navrae: T Mlambo

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0007/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Subdirektorate en afdelingshoofde (Hoofkantoor en distrikskantore)

Onderwerp: Rooster vir ITOPSCOM-vergadering

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se Bestuurskomitee vir Inligting en Kommunikasie Tegnologie (ITOPSCOM) (IKT) is 'n uitbreiding van die ITSTEERCOM en vergader maandeliks om aansoeke vir standaard IKT-toerusting te beoordeel. Die tabel met datums word hier onder uiteengesit.

2. Verantwoordelikheidsbestuurders moet die goedgekeurde ITOPSCOM-aansoekvorm (Bylae A) volledig voltooi wanneer IKT-goedere en dienste aangevra word. Die oorspronklike aansoek wat volledig voltooi en onderteken is, moet by die ITOPSCOM Sekretariaat, Kamer 19-09A, 19de Vloer, Goue Akker, Kaapstad, ingedien word. Alle aansoeke moet die sekretariaat minstens een week voor die vergadering bereik. Sodra die aansoek ter tafel gelê is, sal die aansoeker/versoeker 'n afskrif van die goedgekeurde aansoek vir verdere verwerking ontvang, As die aansoek egter van die hand gewys is, sal hulle per e-pos daarvan in kennis gestel word.

3. Die ITOPSCOM sal slegs standaard IKT-items beoordeel. Die lys met standaard items (Bylae B) word gereeld deur DotP:Ce-I bygewerk en is aanlyn beskikbaar by https://mygov.westerncape.gov.za/services/it-policies-documents-and-forms. Alle ongestandaardiseerde aansoeke sal tesame met 'n aanbeveling na ITSTEERCOM verwys word.

4. 'n Aansoek vir die vervanging van IKT-toerusting, moet vergesel wees van 'n tegniese verslag wat die redes daarvoor uiteensit. In gevalle waar IKT-toerusting vir nuwe aanstellings aangekoop moet word, is 'n stawende motivering nodig om te bevestig of enige toerusting voor die aanstelling in die pos voorsien is, en waarvoor die toerusting gebruik sal word. .

5. Maak asseblief seker dat die ITOPSCOM-aansoekvorm aandui of gedateerde werkende toerusting hertoegewys en/of afgeskryf sal word, in welke geval, Verkrygingsbestuur daarvan in kennis gestel moet word om die veranderinge op die bateregister by te werk.

6. Die rooster vir die ITOPSCOM-vergadering vir die 2021/2022-boekjaar en die sperdatums vir aansoeke is soos volg:

DATUM VAN VERGADERING	**TYD**	**SPERDATUM VIR AANSOEKE**
27 JANUARIE 2021	09:00 – 12:00	20 JANUARIE 2021
24 FEBRUARIE 2021	09:00 – 12:00	17 FEBRUARIE 2021
31 MAART 2021	09:00 – 12:00	24 MAART 2021
28 APRIL 2021	09:00 – 12:00	21 APRIL 2021
26 MEI 2021	09:00 – 12:00	19 MEI 2021
30 JUNIE 2021	09:00 – 12:00	23 JUNIE 2021
28 JULIE 2021	09:00 – 12:00	21 JULIE 2021
25 AUGUSTUS 2021	09:00 – 12:00	18 AUGUSTUS 2021
29 SEPTEMBER 2021	09:00 – 12:00	22 SEPTEMBER 2021
27 OKTOBER 2021	09:00 – 12:00	20 OKTOBER 2021
24 NOVEMBER 2021	09:00 – 12:00	17 NOVEMBER 2021
26 JANUARIE 2022	09:00 – 12:00	19 JANUARIE 2022
23 FEBRUARIE 2022	09:00 – 12:00	16 FEBRUARIE 2022
30 MAART 2022	09:00 – 12:00	23 MAART 2022

7. Alle navrae oor die rooster van die ITOPSCOM-vergadering kan per e-pos gestuur word aan: Tapson.Mlambo@westerncape.gov.za, of gerig word aan die Adjunkdirekteur: IKT-koördinering (Kennis- en Inligtingsbestuur) by tel. 021 467 9322.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2020-12-07